


**WATERLOO  
SOLAR**

JULIE 2021  
**NUUSBRIEF**



## LOOPBAANVOORLIGTING VIR GRAAD 11 EN 12 LEERLINGE

Graad 11 en 12 leerlinge van die Naledi Plaaslike Munisipaliteit het onlangs loopbaanvoorligting ontvang wat daarop gemik is om leerlinge vir toekomstige loopbane voor te berei. Loopbaanvoorligting help om leerlinge se belangstellings en sterkpunte te identifiseer sodat hulle die regte vakkeuses kan maak.

Die program getiteld "Knowing Me, Knowing My Future" is deur Nzalo Careers aangebied en deur Waterloo Solar befonds.

Bruce Jansen, hoof van Colinda Sekondêre Skool, het oor die impak gesê: "Ons skool en gemeenskap het baie potensiaal en hierdie program het op die regte tyd gekom. Dit het leerders hoop gegee om iets beters vir hulself te wil hê."

Graad 11 modules het op leierskap, emosionele intelligensie en loopbaanbeplanning gefokus. 'n Persoonlikheidstoets is deur leerlinge afgelê om te bepaal waar hul belangstellings en sterkpunte lê. Die onderwerp van emosionele intelligensie is verken en leerlinge het ook geleer oor effektiewe leierskap. Daar is ook na verskillende beroepsmoontlikhede gekyk en wat verskillende beroepe alles behels.

Die graad 12 modules het gefokus op stres, hoe om dit te identifiseer en hoe om dit in die alledaagse lewe te hanteer. Leerlinge het ook geleer hoe om loopbaandoelwitte te stel en hoe om vir hul tersiêre studies voor te berei.



Graad 12-leerlinge van Colinda Sekondêre Skool het loopbaanvoorligting ontvang.

**Dit is wat 'n leerling van Colinda Sekondêre Skool te sê gehad het:** "Dit kan frustrerend wees om 'n loopbaankeuse te maak. Danksy die ondersteuning wat Nzalo en Waterloo bied, voel ek dat ek myself nou beter verstaan en 'n ingeligte loopbaankeuse vir my toekoms maak."

### GEBUIK DIÉ SES STAPPE OM JOU HANDE TE WAS

Die Departement van Gesondheid beveel aan dat hande vir 20 sekondes gewas word om sodoende die verspreiding van die koronavirus te vertraag.



Gebruik seep



Vryf jou handpalms teen mekaar met vingers



Vryf die punte van die vingers



Vryf die gewigte



Spoel jou hande onder die kraan af



Droog jou hande deeglik af

#### BLY VEILIG

#CoronaVirus  
[www.nicd.ac.za](http://www.nicd.ac.za)  
[www.health.gov.za](http://www.health.gov.za)

**Suid-Afrikaanse COVID-19  
Hulpbronportaal:**  
[www.sacoronavirus.co.za](http://www.sacoronavirus.co.za)

# MENTORSKAP AAN TALENTVOLLE JONGMENSE


Waterloo Solar is verheug om die Kganya-jeugontwikkelingsprogram van stapel te stuur. Plaaslike jongmense vanuit die gemeenskap sal tydens dié ses maand lange kursus in suksesvolle entrepreneurs geslyp word.

Ses jong leerlinge sal 'n TeenCoaching-sertifikaatkursus aanlyn doen. Die kursus word deur die Mavine-ontwikkelingsinstituut gefasiliteer. Leerlinge wat die kursus suksesvol voltooi sal help om tieners by ses skole in die gebied te mentor.

Die mentorskapsessies sal jongmense help om verantwoordelikheid vir hul keuses te neem en hulle aanmoedig om hul talente pro-aktief te ontwikkel, sodat hulle in suksesvolle entrepreneurs kan ontwikkel.


Waterloo Solar verskaf ook 'n skootrekenaars en data aan elkeen van die deelnemers, om hulle te help om die aanlyn-kursus te voltooi.

**Phenyo Njenje, 'n deelnemer aan die Kganya-jeugontwikkelingsprogram:** "Ek glo dat hierdie kursus baie vir jongmense van die gemeenskap sal beteken. Dit sal my in staat stel om ook ander jongmense te help."



Phenyo Njenje

## PLAASLIKE KMMO's WORD ONDERSTEUN



Waterloo se spilpunt vir KMMO-ontwikkeling in sy beplanningsfase.

Vyf plaaslike KMMO's het 'n beraad oor finansiële geletterdheid bygewoon. Die beraad is deur Africa's GotGame aangebied en deur Waterloo Solar befonds.

Die bekendstellingswerkswinkel wat gehou is, is die begin van 'n 12 maand lange program en het gehelp om die grondslag vir die opleiding te lê. Die werkswinkel het op die volhoubaarheid van ondernemings gefokus.

Ons is opgewonde om aan te kondig dat 'n spilpunt vir die ontwikkeling van KMMO's tot stand gebring word as deel van Waterloo Solar se ondernemingsontwikkelingsstrategie. Hierdie spilpunt sal plaaslike KMMO's met vaardighede, opleiding en mentorskap help.

## SORGSENTRUMS KRY NOODSAAKLIKE TOERUSTING



Die nuwe klim- en klouterapparaat by die Mameastso-vroeëkindertontwikkelingsentrum in Dithakwaneng.

Twee plaaslike sorgsentrums het klim- en klouterapparate, noodsaaklike tuinimplimente, en opvoedkundige toerusting as deel van Waterloo se vroeëkindertontwikkelingsprogram ontvang. Die program speel 'n sentrale rol in opheffing van die gemeenskap.




## 2021 GEMEENSKAPSVERGADERINGS

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergaderings sal op Waterloo Solar se aanlynplatforms aangekondig word, aangesien geen vergaderings van aangesig tot aangesig tydens die nasionale uitsluiting toegelaat word nie.

## KWARTAALLIKSE UITEENSETTING

- Ondernemingsontwikkeling
- Onderwys
- Welsyn



## KONTAK ONS

### Kantoorure

09h00-17h00 Maandae tot Vrydae

### Gemeenskap Skakelbeampte

Claire Phutieagae

066 255 5815

claire.phutieagae@eimsafrica.com



waterloosolar.co.za



info@waterloosolar.co.za



Like ons Facebook blad | RenewEnergyCo